Geliefde Lourensrivierder

My regteroog begin spring sommer as ek net daaraan dink dat die volgende helfte van die jaar alweer roep vir aandag 

Daar is darem ‘n wonderlike bemoediging dat ons dit nie alleen hoef aan te durf nie, want ons word juis nou weer in die komende Pinkstertyd aan Jesus se belofte herinner:
Joh 14:16-19 “Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. “Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. Nog net 'n klein rukkie, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe.”

Moet asb nie die Pinksterdienste misloop nie. Kom laai die battery sterk sodat die volgende helfte van die jaar ‘n “walk in the park” is. *Daar is weereens ‘n Kinderpinkster sodat ouers die dienste rustig kan geniet asook heerlike sop en toebroodjies. Geen bekommernis oor kosmaak nie* 😊
Die Program is op ons Webwerf: www.lourensrivier.co.za
Meer inligting oor waar Pinkster vandaan kom is ook op ons Webwerf by skakel: http://www.lourensrivier.co.za/index.php/kerkseisoene/287-pinkstertyd

NUUSKRUMMELS: 10 MEI 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

BELANGRIK: HEMELVAARTDIENS: 10 MEI @ 19H00
Luk 24:44-53:
Daarna sê Hy vir hulle: "Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is." Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.' Julle is getuies van hierdie dinge. En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is." Daarna het Hy hulle uit die stad uitgelei tot by Betanië. Daar het Hy sy hande opgehef en hulle geseën. Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem. Hulle het Hom aanbid en met groot blydskap na Jerusalem toe teruggegaan. Daar het hulle die hele tyd by die tempel gebly en God geprys.

ONS WOEKER BY DIE KERKKANTOOR
Heerlike varsgebakte koekies @ R20 per pakkie Anna se organiese Hanepoot Korrelkonfyt @ R20 per potjie
Anna se organiese Hanepoot Druiwestroop @ R15 per botteljie
Lappiesboontjies @ R45 p/kg
Boekie: Lig op ‘n Chirurg se pad R50 (R25 vir kerk en R25 vir Evangelisasie)

ALLES is ten bate van die Voedselfeesfonds: Daar is besluit om dwarsdeur die jaar te woeker vir ons Voedselfeesfonds en daarom is gemeentelede ook welkom om nou al te begin bydra. Ons hoef nie te wag tot twee weke of ‘n maand voor die Voedselfees plaasvind nie.

VIR FINANSIëLE BYDRAES:
Rekeningnaam: NGK Lourensrivier
ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312)
Rekeningnommer: 420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos: fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing (Naam & voedselfees)

Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollektesakkies geplaas kan word.

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

KNIEWERK

- Bid vir suksesvolle en geesvervulde Pinksterdienste en dat almal die dienste sal bywoon
- Ons innige meegevoel met Willem de Jongh en familie met die heengaan van sy broer
- Helene Fourie se broer vir gesondheid
- Nella Meyer gaan volgende Dinsdag, 15 Mei vir ‘n operasie

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SO. 13 MEI SE BOODSKAP: HAND 1:15-26 (7DE WEEK IN PAASTYD & HEMELVAART FEESDIENS: HAND 1:1-11)

Hoewel verhoogde Jesus die Heilige Gees in Handelinge 2 uitstort, was die Heilige Gees al lankal werksaam as betroubare getuie en profeet in die geskiedenis. Die Ou Testament getuig hiervan. Die Heilige Gees het reeds vooraf geprofeteer en getuig oor dinge wat sou plaasvind. Dawid het reeds – op grond van die Heilige Gees – vooruit gesien dat Christus uit die dood sou opstaan, sê Handelinge 2:31. Dawid se woorde in Psalm 16:10 spreek hiervan. Die Psalms is daarom die woorde van die Gees en vir Petrus 'n betroubare bron om vas te stel dat iemand Judas se plek moet inneem (1:20).
Lukas, die skrywer van Handelinge, deel Petrus se oortuiging. Die Psalms was nie net woorde oor die tyd van die psalms nie, maar ook 'n bron vir gelowiges wat in latere tye moes onderskei wat om te doen. Dit is van die Heilige Gees en daarom betroubaar. In Handelinge 4:24 – 28 bid die apostels in lyn met Psalm 2:1-2 as gids om die lotgevalle van die eerste Christelike gemeenskap te interpreteer.
Die beginsel is: die Heilige Gees lei ons deur woorde wat vroeër reeds in die Psalms uitgespreek is.
Sondag begin ons met Pinkstertyd. Ons leer wag op die Heilige Gees wat ons voortdurend bemagtig om Jesus se verteenwoordigers te wees. Op hierdie dag word ons vervul met dankbaarheid oor alles wat ons van God ontvang:

- God is teenwoordig in die lewe van ons gemeente
- God skenk ons die Skrif, geïnspireerd deur die Heilige Gees, die lewegewende Woord van God
- God lei ons. Christus regeer en rig ons deur Sy Woord en Gees.
- God is die Leier wat vir ons aardse leiers van formaat voorsien.

Ons kan die Here vandag met vreugde dank.

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier